



## **3de kwartaal 2014**

Geagte Broer en Suster,

Dankie aan elkeen wat finansieël bydra tot uitreik deur sending deur getrou hul Geloofsoffer-beloofte na te kom. Indien u koeverte vir u Geloofbelofte-offer benodig, kry asseblief by die mobiele inligtingstoonbank by die suidoostelike deur van die kerkgebou.

### **ALTA GLAS skryf uit KAMBODJA**

*Kambodja nuus: Mei 2014*

#### **VERITAS**

##### **PASTOOR SOMART**

Pastor Somart het bedank bloot omdat hy nie lank van sy huis en vrou af wil wees nie (sy is 'n diabeet en hipertensie leier). Wat vir my altyd slag is is wanneer ek voel ons is gebruik - die het uitgekome dat hy terwyl hy by ons gewerk het ook ander werk gesoek het. Ek weet daar is ouens wat sal se dit is agv finasiele nood in Kh maar vir my is dit oneerlik - ek weet mens moet nie altyd na geld kyk nie maar ons het 8 maande en baie finasies gespandeer sodat hy 'n fasiliteerder kan wees. As ek nie gedruk het dat hy sy eie groepe moet he nie weet ek nie hoe lank hy nog op dieselfde trant saam met ons gewerk het nie. Ek is teleurgesteld maar probeer tog na die positief kyk dat hy tog geestelik gegroei het terwyl hy by ons gewerk het.

#### **VANNA**

Gedurende die Khmer Nuwe Jaar het 'n bus Vanna se TukTuk gestamp en hy en sy vrou het teen 'n wal af gerol - ons is dankbaar dat hulle nie seergekry het nie. Die TukTuk het egter seergekry en sal \$50kos om te herstel.

Sy huisie is ook gebou met piesang blare en is besig om uit mekaar te val - dit reën ook in en hulle moet heen en weer skuif om uit die reën te bly. Mens weet nooit wat reg is nie om geld te gee of hulle te los om dit self uit te sorteer nie - realiteit is dat hy sukkel.

#### **BAMBOO SHOOT BEDIENINGS**

##### **JUBELNUUS**

"So, sê Ek vir julle, is daar blydschap voor die engele van God oor een sondaar wat hom bekeer" (Lk 15:10) . Daar is vreugde in ons harte: Ouma Siam het besluit om Christus aan te neem.

## Angdong TaEen

Ons het 'n lekker middagete vir die oumas gemaak. 30 van hulle het opgedaag en ons het sommer net lekker gesels en gedeel. Julle 16 oumas kry kos by ons maar daar is nog baie nood - as julle weet van iemand van \$17 'm maand kan ondersteun vir een ouma sal ek dankbaar wees as julle hulle kan kontak. Onthou ons doen huisbesoeke en hulle hoor die evangelie - ek hoop baie meer draai na Christus voor hulle uurglas uitgeloopt het.

## ASIAN HOPE INETRANTIONAL SCHOOL.

Ek het nou amptelik begin by die skool as skool verplaagkundige - 2 dae 'n week. Verlede week was ek 'n dag saam met Trish die vepleegkundige wat Kambodja verlaat - Sy het 'Good touch Bad touch' aangebied in al die skole.

Ek voel so bietjie 'out of my depth' en onseker oor alles wat normaalweg van die rol verwag word, Daarom is ek dankbaar dat ons Donderdag die komende jaar (begin Aug) beplan het en ek nou temas het vir elke maand.

## Hoekom?

- Dit is vir my lekker om my mediese kennis te kan gebruik.
- Verlede jaar se uitbranding het my laat beseft dat ek na my eie emosionele behoeftes moet kyk. Ek het vereensaam omdat ek baie alleen is in die Veritas kantoor. My kontak is hoofsaaklik die Khmer-manne en hulle is min in die kantoor. Nou is ek in 'n besige, raserige omgewing en daar is baie Christenvroue met wie ek kan saamwerk en gesels.

## **PERSONEEL**

Ek is altyd opgewonde oor die impak wat Veritas in die lewens van die Khmer-personeel het. Dit is baie spesiaal om te kan sien hoe hulle groei in God en hoe hulle lewensstyl Christus weerspieël. Saran was 'n Engelse universiteitstudent en nuwe bekeerling toe hy by ons begin werk het – sy Bybelse kennis beperk tot die Evangelies. Vandag is hy 'n uitstekende fasiliteerder wat lof van ander uitlanders ontvang oor sy volwassenheid, Bybelkennis en vermoëns om die materiaal aan te bied.

## Werkomstandighede

Die fasiliteerders se werk is nie altyd maklik nie. Hulle akkomodasie omstandighede is nie altyd goed nie en hulle moet dikwels ver reis om by die groepe uit te kom. Tans fasiliteer Sok 'n groep in Borvil – 11 ure se busrit en 2 ure met 'n motorfiets om daar uit te kom. Nog twee sulke vêr groepe sal in ons nuwe begrotingsjaar begin word – een vir Vanna en Saran elk. Saran het begin om van sy administratiewe werk na my te delegeer sodat hy nog 'n groep kan lei – dit is nie ideaal vir hom om nog 'n groep te hê nie omdat dit sy werk as leier beperk.

## **PERSOONLIK**

Die afgelope 7 weke was 'n stryd tov my gesondheid. Ek het begin hoës in SA net voor ek terug gekom het en nie beseft dit was acid wat in my longe drip. Al die lewensstyl aanpassings het nie 'n duik geslaan in die uitdaging nie. My paspoort in vir 'n nuwe visa

het veroorsaak dat ek nie Bangkok toe kon gaan nie en hulp in Kh moes soek - so ek is deur die hande van 'n Khmer dr toe 'n Australianer wat my na 'n gastroentoloog verwys het ('n Khmer wat in Korea gestudeer het), toe 'n Russiese ENT profesor .... nou sluk en proes ek onder al die medikasies en inhalasies maar is stadig besig om beter te word. Dit alles agv 'n bietjie gekompliseerde hiatus hernia. My keel lyk regtig sleg - bid asb vir my. Ek sal graag wil probeer om dinge min of meer onder beheer te hou tot ek weer SA besoek om dan daar 'n gastroentoloog te sien en moontlik 'n operasie.

## **LOFPRYING EN GEBEDSPUNTE**

### Veritas

- Vir God se genade en wysheid oor die personeel: veiligheid, reis, gesondheid en persoonlike lewens.
- Christenvrou vir Saran - as hy nie sy ouers gehoorsaam kanhulle hom uit die familie verban.
- Ons het nog 'nfasiliteerder nodig. 'n Veritas-deelnemer is genader, bid asb ernstig saam dat God die regte person sal stuur.

### Bamboo Shoot

- Lof oor die impak van die voedingskema – bejaardes en kinders. Dat almal Christus sal aanneem as Verlosser.

### Alta persoonlik

- Loof God vir sy voorsiening, liefde en die genadegeskenk van familie wat kom kuier.
- Gesondheid en wysheid

## E-pos 6 Junie 2014

Sok was in 'n bus ongeluk op pad terug na Phnom Penh na fasilitering in Borvil. Die bestuurder van die trok het klaarblyklik aan die slaap geraak en dit het reg voor die bus ingeswaai. Hy moes sy arm teen 'n stoel gestamp het toe hy 6 rye voorentoe gegooi is met die botsing. Die ulna het ongeveer in die middel af gebreuk, skoon breuk. Sy arm is in gips, bene nerf af, sy lyf baie seer (sy kop op 2 plekke gestamp) en nog geskok. Hy is op pad terug na sy village.

### Loof saam met ons

- Dat hy nie een van die mense is wat ernstige berserings opgedoen het nie.
- Die klink dalk nie soos 'n lofprijsing nie maar tog is dit ..... Dat ons in VCI 'n ongeluksversekering vir die manne het (\$20/jaar) – mediese dekkings bedrag tot en met US\$500

### Bid asb saam

- Dat die ulna goed sonder komplikasies sal aangroei en dat 'n operasie nie nodig sal wees nie
- Dat al die kneusplekke gou gesond sal word
- Dat hy gou oor die skok sal kom

- Hy het klaar gese dat hy nie volgende maand weer na daardie area toe gaan nie – ek weet nie hoe om die gebeds versoek weer te gee nie maar bid asb teen vrees dat dit weer kan gebeur/ emosionele heling

### E-pos 7 Augustus 2014

Ek stuur die brief sodat julle saam kan bid. Veral Saran het julle gebede nodig

#### **Kambodja nuus:**

Mens kan soms net jou kop skud oor al die vreemde maniere van glo wat onse klein landjie binnekom ... dit maak my net meer oortuig dat Kambodja Veritas nodig het; Christene moet kan leer om die Bybel te lees en ook om dit met verantwoordelikheid te kan lees om so te kan besluit wat die Woord van God regtig sê.

#### **VNC**

##### **Prys nuus**

- Nuwe personeel lid  
Boreth (pastor) het al 4 die modules gedoen, het so 5 jaar gelede Mod 1 se fac opleiding gedoen – maar ons het volonteers gesoek en die ouens het inkomste ook nodig om te kan oorleef.  
Ons het so 3 maande gelede vir hom gevra of hy sou belangstel. Hy en sy het vrou gebid en gepraat (hy sal ongeveer 2 weke/maand Maandae – Vrydae weg wees vanaf die huis om opleiding in provinsies te gaan doen. Hy het verlede week gebel en gevra of ons al nuwe personeel lid het ... hy is al lankal in my hart as die regte persoon om verskeie redes
- Die eind jaar administrasie is verby .... VNC budget is in geloof deur VCI goed gekeur
- Ons moet elke 2 de jaar Veritas Kambodja Netwerk registrasie hernu ... adres verandering by regering het sonder enige hickups gebeur. Die hernu aansoek is in en feitlik geen papier werk was nodig, ons is positief dat daar nie probleme gaan wees nie

#### **Bid asb saam**

Net sodra ek dink dat alles in plek val en ons/ek kan aangaan om sekere doelwitte te bereik gebeur dinge wat weer aanpassings en uitstel veroorsaak.

#### Personeel

##### Sok se arm

Sy arm swel baie en word seer as hy provinsies toe gaan – hy gaan egter weer volgende week probeer, ek stem glad nie saam dat hy ver moet reis nie maar hulle moet self die besluite neem.

Die positief is dat die nuwe fasiliteerder saam met hom sal gaan ... tot nou toe het hy probeer en Sok of Vanna het saam gegaan as sy arm nie te seer was nie – of hulle het alleen gegaan.

Met Sok wat so baie afsiek was kon Saran en ek nie soos ons beplan het elke week 2 halfdae gebruik om 'How to...' te proeflees nie, hy en ek kry min of meer 'n hoofstuk per week geproeflees as dinge nie obstacles veroorsaak nie

### Kulturele mayhems

Kultuur is 'n moeilike storie en het ongelooflik baie impak in leefstyle, persoonlike motivering en besluitneming. Ek dink mens kan sê dat die Khmer soceity funksioneer soos tribal communities in besluitnemings ens ...

- Verhoudings (veral familie) is belangriker as eerlikheid, objektiewe evaluerings etc...
  - Vanna en Boreth is swaers, getroud met 2 sussies.... Hulle sal op gelykke vlak baie goed saam funksioneer maar sal nie mekaar se werksverrigtinge kan evalueer nie
  - Niks mag gedoen word dat 'n ander face verloor voor ander nie
- Gereelde huwelike
  - Die is 'n tammeletjie ... Saran wil glad nie trou nie, volgens die kultuur is hy op 33jr oud al oud en moes 'n gesin gehad het
    - Sy pa, ma en ouma het met waarsêer gaan praat wat sê dat hy die jaar moet trou (sy ouers se geloof is 'n mengsel van Sjinese gelowe, Buddhisme etc). Die feit dat hulle hom toelaat om as Christen te funksioneer om nie sekere feeste se rituele te volg nie is 'n wonderwerk)
    - Daar is die jaar al 2 keer vir hom vrouens gereël – hy het gebid dat die Here gee dat die vroue hom nie sal goedkeur nie, dit het gebeur.
    - Ek was verlede week by toe sy pa hom bel omdat hy nie vir sy ma wou luister om toe te stem vir 'n interview met die derde vrou nie – hy was woedend (sy pa is 'n polisieman ... )
    - Daar is 'n ontmoeting gereel tussen familielede met een van Saran se ma se broers se dogter (familie introuery is kulturele aspek)
  - Ons durf nie Saran se stryd tov die situasie sommer net weggee en sê as Christen mag hy nie met 'n ongelowige trou nie ... ek dink nie een van ons kan sy stryd ten volle verstaan nie
    - Familie is vir hom ongelooflik belangrik ... hier in PP het hy nader aan sy suster en haar familie getrek om deel te kan wees
    - Hy weet wat die Woord sê .... hy het al baie maal erge stryd oor sy Christelike geloof gestry en moes al teen baie dinge opstaan wat hom al amper sy familie gekos het

- Die kulturele vereistes van respek vir jou ouers en gereelde huwelike veroorsaak ongelooflike stress die afgelope jare
  - † Gister het hy met my gepraat, ook oor Veritas bediening (ek dink omdat die reëling die keer binne in familie kringe gemaak is hy weet die keer is daar nie uitkoms nie)
  - † Hy is onseker of hy afbetaal sal word as hy die keer nie kan wen nie.... sy hart is nog steeds by Veritas
  - † Dat hy as leier wil bedank omdat hy nie glo dat hy meer die leier mag wees nie – hy weet dat baie Christene hom sal veroordeel
  - † Hy het gister van die leierskap werk wat hy altyd gedoen het aan my terug oorhandig – ek gaan hom nie tee nie, sy stryd is groot genoeg
  
- Wat sê ek oor die situasie?
  - † Dit is al 'n paar jaar wat ek saam met Saran die pad loop en weet hoe moeilik dit vir hom is
  - † Ek het terwyl ek hier vir jou skryf sommer net gehuil terwyl ek aan hom en die eensame stryd teen sy familie die afgelope jare gedink het.
  - † Die is 'n ongelooflike eensame pad wat hy moet loop en besluite moet neem, nie een van ons kan regtig die volheid verstaan nie. Ek kan net vir hom bid en daar wees sonder veroordeling, wat ook al gebeur.
  - † Ek gaan nie die Bybel voor hom 'neersit' nie, hy weet wat God se Woord sê

### **Wat nou tov VNC**

- † Ek is weer die 'leier'
- † Ivan en ek het gister geskype - nie een van ons wil Saran verloor nie ..... respekteer egter ook Saran se besluit om te bedank as leier (dis nie iets wat ons gevra het nie, Saran het dit klaar besluit voordat hy met my gepraat het– nie een van ons 2 het egter al die tyd gehad om alles te 'verwerk'nie... )
- † Saran het gevra vir 'n vergadering volgende Woensdag ....
  - Ek het Sok gebel en ons het oor die situasie gepraat
    - 'n Kambodja gerigestreerde 'Association' moet ons 'n Khmer leier hê
    - Ek het Sok gevra dat hy daarvoor dink

### Alta

#### Veritas

- Ek sukkel met al die dinge wat voortdurend gebeur en die bereik van my doelwitte belemmer e.g. Proeflees van 'How to...' Ek wou al klaar wees met die assignments van die 'Assesing VCI Inc qualifications' .....

- Ek het baie hard gewerk aan die website, vandag besef daar is nog 'n deel wat geproeflees moet word en wat nog bietjie werk nodig het ... kyk na <http://www.veritascollege.org/countries/cambodia/intro> ... positiewe of opbouende kommentaar welkom

#### AHIS

- Die school nurse rol het nogal interessant en uitdagende tye maar ek geniet die 2 dae per week by die skool.
- Dinsdag uitgehelp met skreurende voorskoolse outjies wat eerste keer skool toe begin kom het ... voorskoolse onderwys is definitief nie my rol nie ... was absoluut gedaan na al die huilery en skreeuery!
- Saterdag 'n braai sodat almal mekaar kan leer ken.

#### E-pos 20 Augustus 2014

Saran could not get out of an arranged marriage – Previously he was able to get out of it 3 times and he thought he would be able to do so again through a discussion with his father, but it did not work out that way... as he got to the village everything was already arrange between the parents on both sides.

- In Cambodia there is a deep cultural respect and obedience for parents and grandparents. He grown up to be obedient to his parents and in his Christian walk he did not follow his parents in many ways, which had consequences for him
- He did not feel he could turn away from his parents 'stronghold' over his live, he know if he did it would have dire consequences for his whole family, who would have been seen as not able to 'control' their children within the village. It would especially effect his dad who is a police official. He would also be cut of from his whole extended family etc etc

Please pray for ...

- Saran he is in a very difficult time in his life – between the pulling of his Khmer culture and what he himself say the Bible is teaching about it.
- All of us within VCI/VNC ... need God's wisdom, guidance and grace with regards to decisions to be made.

Please pray also for the family of a missionary who died on the road and was found 2 days later (the body was laying in the sun and rain). Please pray for the staff members of the organization, his wife and 5 children who are on their way to Cambodia. They need to work through his death and this awful situation.

E-pos 3 Junie 2014

Ons gaan nou d laaste pylvlak vd skooljaar binne – die l-a-n-g somer-«vakansie» begin 4 Julie en ons wonder wat ons met d kinders gaan doen : dis 'n werklike uitdaging. Lucie het d afgelope 10 dae waterpokkies gehad, maar is so te sê gesond. Die ander kinders gaan goed aan. Claire (9jr) het maar nogsteeds gereeld haar krisisse. Met Sophie gaan so-so, sy nog redelik moeg – haar ystertelling is baie lag. Die Popey-resep werk nie eintlik nie.

In terme vd bediening was daar ook verwickelinge: Enkele maande gelede het ons voorbidding gevra vir oa Jessie en Marie-Christine, wat albei uit Moslemhuise kom (alhoewel heelwat verwesters). Hulle gesinne het hulle verbied om enige kontak met Christene of d Kerk te hê. Hulle antwoord selfs nie d telefoon nie en reageer nie op SMSse nie. Gaan egter voort om vir hulle te bid.

'n Couple het ook uit gemeente bedank met d “motivering” dat hulle gaan verhuis (huis verkoop en 'n ander huis sowat 35km v hieraf gaan koop). Op d oomblik bly hulle nogsteeds op dieselfde plek ! Die eintlike rede “ken” ons nie werklik nie, maar ons vermoed dat dit verband hou met 'n konfliktsituasie met 'n ander gesin waarin d kerkraad nie teen laasgenoemde en vir eersgenoemde kant gekies het nie.

Ek besef net weer dat predikantswerk is net verhoudingswerk – en baie keer reageer volwassenes soos kinders.

As gevolg hiervan en ook 2 ander persone wat getrek het, het dit ook d gemeentefondse met 500€ per maand verminder en met inkomste vanuit RSA wat ook verminder (hoofsaaklik agv d wisselkoers) raak d finansies vd gemeente ook moeilik. Bid asb hiervoor.

Vrydagaand 23 Mei het ons 'n konferensie oor kommunikasie in 'n saal vd munisipaliteit gehou. Ongeveer 30 mense het dit bygewoon. Die gemeentelede het goed gereageer deur verskeie vriende en kennisse uit te nooi.

Elke jaar met Hemelvaart hou ons 'n streeksaamtrek v ons gemeentes. Die tema v hierd jaar was rondom dissipelskap.

Verlede Sondag is 'n tiener gedoop: Jean-Marc het besluit om sy hart vir Here te gee. Dis 'n groot vreugde. Daar is minstens nog 2 tieners wat dink om gedoop te word. Bid vir hulle (Joanna en Baptiste).

In Julie gaan ons 'n groot poging aanwend om jaarbeplanning te doen en verskeie projekte te identifiseer. Projekte wat na buite gerig is, sal prioriteit kry – bid asb hiervoor.



## Freddie Swart skryf oor GURUE Radiobediening - MOSAMBIEK

### E-pos - 12 Februarie 2014 van Blackie Swart

Dankie vir julle spesiale bydraes om te help met die vervanging van die gesteelde radiotoerusting. Ons erken die ontvangs van twee inbetalings in ons bankrekening van R8,000.00 elk. Ons dank God vir Sy voorsiening en julle gehoorsaamheid. Julle was die eerste wat die nood raakgesien het en spontaan daarop gereageer het. Dankie vir julle betrokkenheid sedert die ontstaan van hierdie bediening.

### Nuusbrief 34 - Mei 2014

Die tyd vlieg verskriklik vinnig. Alhoewel die vorige nuusbrief 'n maand gelede uitgestuur was, voel dit werklik soos gister. Alle geval, al die toerusting is nou aangekoop en word die laaste voorbereidings getref vir die besoek aan Gurue tussen 9 & 18 Mei. Die finale samestelling van die "afvaardiging" is ds Anthonie, Charles en Stephan. Ds Leon Tait van NG Rietfontein-Suidgemeente in Pretoria (deel van ons ondersteuningspan) sou moontlik ook gegaan het om eerstehandse kennis te verkry, maar moes weens ander verpligtinge hom onttrek. Die "voorlopige" reisplan van ds Anthonie ontvang, is as volg:

Vrydag 9 Mei - Ek kry Charles by sy huis en laai rekenaars ens. Ons ry deur na Bybelgenootskap in Kempton Park om Bybels op te laai

Saterdag 10 Mei – Ry vroeg (ongeveer 4 uur). Moet in Nelspruit geld ruil by FX Africa in die Crossing Mall. Dan deur die grens en probeer in Xai Xai slaap by sendelinge te "Honey Pot". (Allen en Ansie van der Merwe). 'n Lang dag!

Sondag 11 Mei – Ry so dat ons een van die konvooië noorde toe by Save rivier kry. Mik vir sendelinge Frank en Mariana by Maforga naby die Beira kruising.

Maandag 12 Mei - Aankoms en afpak ens.

Dinsdag 13 Mei – Begin installasie. Eerste vergaderings.

Woensdag 14 Mei – Verdere vergaderings.

Donderdag 15 Mei – Moontlik laaste vergadering met Gurue Gemeenskapsradio.

Vrydag 16 Mei – Ry tot by Frank en Mariana Theron te Maforga.

Saterdag 17 Mei – Ry sover ons kom!

Sondag 18 Mei – Behoort nou by die huis te wees!

"Voorlopig" sluit onvoorsiene gebeure uit.

Bid asb in hierdie tydperk vir:

† Laaste voorbereidings;

† Veilige reise;

† Geen probleme met voertuig;

- † Guns by Komatipoort grenspos ten opsigte van die toerusting aangekoop;
- † Oornagfasiliteite;
- † Goeie onderlinge verhoudings;
- † Wysheid by vergaderings en herstel van toerusting;
- † Voortgesette guns by Gurue Gemeenskapsradio Bestuur; en
- † Soos wat die Heilige Gees lei.

### **E-pos - 18 Mei 2014 van Blackie Swart**

Dit is vir my aangenaam om kennis te gee van ons “afvaardiging” (Anthonie, Charles & Stephan) na Gurue se veilige terugkeer na SA. Hulle het reeds gisteraand (17 Mei) in Pretoria aangekom. Dankie vir elkeen se voorbidding vir hierdie groep manne wat hulself tot die beskikking van die Here gestel het om die radiobediening in Gurue weer aan die gang te kry. ‘n Groot dankie aan ons hemelse Vader wat ons gebede aangehoor en verhoor het. Aan Hom alleen kom al die lof en eer toe. Mag die vrug van hierdie besoek Hom verheerlik.

### **VERSLAG VAN BESOEK AAN GURUE 10-18 Mei 2014 – Ds Anthonie Welman**

#### 1 TEENWOORDIG :

Anthonie Welman (Direkteur in Suid-Afrika van Radio Gurue), Charles van Wyk (belangstellende), en Stephan Petersen (names UCB).

#### 2. DIE PAD

Daar is besluit om via Maputo die pad noorde toe aan te durf. Padwerke anderkant Nelspruit in die RSA en voor en na Maputo het heelwat tyd in beslag geneem (baie verkeer en stadig ry.)

Die “konvooi” vanaf die Savi rivier vir ongeveer 100km is ‘n nagmerrie en nie aan te beveel nie. Daar is geen orde of reëls nie. Dit is eintlik gevaarlik. Alleen deur die genade van Bo, is ons nie deur ‘n 30 ton trok van agter platgedruk of deur ander voertuie van die pad gedruk nie. Toe dit aand word, was die genade groot dat ons nie ‘n trok getref het wat dwars oor die pad gestaan het nie. Die pad tussen Inchope en die Zambesi rivier het aansienlik verswak met baie gate. Deur die genade het ons nie hier ‘n band afgeskryf nie!

Met die terugkeer het ons besluit om deur Zimbabwe te ry. Die paaie in Zimbabwe is gaanbaar, tog moet mens wakker wees vir ‘n gat hier en daar en die sykante van die pad wat besig is om weg te kalf.

#### 3. DIE GRENSPOSTE

Een van die grootste onsekerhede is wat op ‘n grenspos kan gebeur.

Op Kamatipoort met die ingaan in Mosambiek in, aan die Mosambiek kant, is ek omgepraat om gebruik te maak van ‘n “agent”. Eers nadat geld hande geruil het en die proses nie meer

omkeerbaar was nie, het ek agtergekom dat hier iets onwettigs besig is om plaas te vind. Tog is ons deur – net sonder ‘n kwitansie!

Toe ons Zimbabwe wil in, uit Mosambiek uit, toe staan die groot trokke doelbewus die pad toe. Hulle was ontevrede met die doeane se hantering van een van hulle manne en het doodeenvoudig so getrek dat geen voertuie kon verby nie! Gelukkig was dit nie lank nie, toe is daar vir ons ‘n pad oopgemaak.

DUS : Die toerusting is ingevoer (teen ‘n prys!) en die stukkende sonpanele en ander toerusting wat nie gebruik is nie, is weer terug in die RSA! En daarvoor is ek dankbaar.

#### 4. VERGADERINGS GEHOU GURUE

4.1 ‘n Eerste vergadering is gehou met die **Pastore en verteenwoordigers** van die verskillende kerke wat deel vorm van die projek. Daar was 19 pastore of verteenwoordigers van die volgende kerke teenwoordig : Igreja Reformada, União Baptista, Evangelio Visão Christa, Fe dos Apostolos, Evangelio Palavra Viva, Nova Apostolica, Evangelica de Christo en Evangelio de Christo. Uit die Woord is klem gelê op geestelike oorlogvoering en ons wat “soos Jesus” gestuur is om die evangelie te versprei. Klem is ook gelê op die noodsaak van gebed uit alle kerke deur alle gelowiges vir die projek.

Op die vraag of die projek moet voortgaan is duidelik geantwoord : Ja! Daar is getuienis gelewer van heelwat plaaslike mense wat vra wanneer die programme weer gaan verskyn. Op die vraag wat hulle gedoen het toe die toerusting gesteel is was die antwoord: Ons het vergader, die RSA ingelig, die polisie laat weet, en gebid!

Ek het klem gelê op die feit dat die projek eintlik aan die kerke in Gurue behoort en dat die pastore groter verantwoordelikheid moet neem. Hiermee is geantwoord dat hulle wel ongeveer elke drie maande vergader en samesprekings doen oor die projek. Daar is dus toesig van hulle kant. Die vergadering het bevestig dat die huidige tesourier en sekretaris kan voortgaan met hulle werk.

**BELANGRIK** : Daar is herhaaldelik gevra dat ek die dank van die verskillende kerke/ gemeentes in Gurue moet oordra aan elkeen in die RSA wat dit moontlik maak dat hierdie projek kan voortgaan.

4.2 ‘n Ander vergadering is gehou met die **4 programmeerders** (Evaristo, Alexandra, Alves en Damias) en die **tesourier** (Pastor Vuruka) en **sekretaris**.

Ek het so bietjie gesels oor hulle verantwoordelikhede bv watter programme, inhoud van programme ens. Natuurlik het die begroting ook ter sprake gekom. Die manne is bemoedig deur ons besoek en gereed om aan die werk te spring. Hulle plan is om een week voor 1 Junie te begin werk sodat die eerste program 1 Junie 2014 ingedien en uitgesaai kan word.

Daar is bevestig dat kontak gemaak sal word met TWR te Mocuba om opleiding te reël.

#### 4.3 'n Vergadering is gereël met die **Gurue Gemeenskapsradio**.

'n Nuwe man met die naam "Claudino" is hier in beheer. Hy is netjies en intelligent en het ons baie vriendelik ontvang. Daar is opnuut gekontrakteer vir 'n aantal dae en tye vir "Omwiwa Yesu" se programme, teen 'n tarief van 45 000 meticais vir ses maande, wat vooruit betaal sal word. Afskrif van die kontrak is in my hand. Tye vir die programme is dan as volg : elke Maandag tot Vrydag, in Lomwe, om 17h30 vir 30 minute. Saterdag en Sondag 60 minute elk, waarvan 30 minute in Portugees en die res in Lomwe.

#### 4.4 Vergadering met die **wagte**.

Ek het met die wagte gesit wat teenwoordig was (drie van hulle saam met Alexandre). Dit blyk dat Alexandre, ook 'n programmeerder, byna elke aand op die perseel slaap ter wille van groter sekuriteit. Een wag word deur die projek betaal. Tog het die ander versoek dat hulle ook vir die afgelope maande betaal moet word aangesien hulle in die tyd diens gedoen het. Ek het verduidelik dat ek net vir die radioprojek verantwoordelik is en die gemeente vir die res se betaling. Dit was nie goed ontvang nie.

Die huidige wag van die projek, Alberto, is baie swak na siekte, en ek het hom vervang met 'n sterker man wat van die begin af vir my by die huis gehelp het nl Alfonso. Alfonso is dus amptelik in diens van die Radioprojek as wag vanaf 14 Mei teen die vergoeding soos in die vorige jaar se begroting.

### 5. ANDER WERK GEDOEN IN GURUE

Stephan moes verskeie kere die rekenaars en ander toerusting opstel en weer herskuif. Uiteindelik is besluit om die 4 nuwe rekenaars op te stel en die twee ou rekenaars en twee ou skerms daar te laat as hulp vir wanneer iets sou breek. Toerusting wat nie gebruik word nie, soos die mengbank, mikrofoonstaanders, kassetspeler en cd-speler, is verwyder en terugbesorg aan Radio Kansel in die RSA.

'n Groot kopsaak was die koppeling van die batterye en die sonpanele. Uiteindelik is die sonpanele getoets en 4 is verwyder van die dak aangesien hulle uitgebrand het, wanneer en hoe dit gebeur het weet ek nie. Twee sonpanele (wat eintlik aan die huis gekoppel is), is toe aan die radioprojek se batterystelsel gekoppel. Per foon het ek vandag (Maandag 19 Mei) van Alexandre gehoor dat daar krag is om voort te gaan met die werk.

‘n Staalhek is laat sweis om die voordeur van die ateljee te versterk en die vensters se diefwering is versterk. Slotte is gekoop vir die staalhek en twee nuwe slotte vervang van die deure waar daar ingebreek is.

#### 6. WAARVOOR HET ONS NIE TYD GEKRY NIE?

- † Al is ‘n internetstokkie gekoop en gelaai op twee rekenaars, was daar nie tyd om die werking daarvan aan die bestuur te verduidelik nie.
- † Ek en Stephan sou meer aandag aan die programmeerders wou gee, maar weens die probleem met die batterye kon ons nie daarvoor tyd maak nie.
- † Ek het meer tyd nodig gehad om ondersoek in te stel na die inbraak en om met die polisie hieroor kontak te maak.
- † Ek sou self ‘n program ter bemoediging van die luisteraars wou maak!
- † Ek sou met die kerke in Errego/Ilhe, wat gevra het vir programme, wou kontak maak en die omstandighede verduidelik.
- † Ek sou weer met TWR se pastoor in Mocuba wou kontak maak ter wille van goeie verhoudings.

#### 7. UITDAGINGS ERVAAR

Die lang pad na Gurue kan uitputtend wees. Tog dien die oorslaapplekke by RSA sendelinge as bemoediging vir hulle!

Taal bly ‘n muur wat kommunikasie belemmer! Niks kan gebeur in daardie geweste, as jy nie portugees magtig is of iemand het om te tolk nie. Die een tolk wat ons van weet, word nie deur die kerke daar vertrou nie en kan dus nie gebruik word nie. Ek moes dus letterlik oral wees – anders kon min gebeur! Daarom kon ek ook nie by alles uitkom nie. Frustrerend!

#### 8. DIE PAD VORENTOE

Ons sal moet, per selfoon, meer gereeld kontak maak met die mense in Gurue. Hulle het gereelde bemoediging nodig. Ons kan so ook meer inligting vir ons eie doeleindes verkry. Koste is natuurlik hier ter sprake en moet dus deel word van die begroting.

Ons sal meer reklame moet doen in die RSA om meer gebeds- en finansiële ondersteuning te verkry. Die tekort aan geld en geworstel met wat eintlik klein somme geld in die begroting is, is werklik ‘n beperkende frustrerende faktor.

Dit blyk dat Koos Botha (Lister) steeds die huis gaan huur by Calani gemeente en van sy kant ten minste een wag betaal. Hopelik, binne ‘n maand of twee, gaan daar van sy besigheid se mense op die erf woon, oa twee Suid-Afrikaners. Dit sal die sekuriteitsposisie van die ateljee geweldig bevoordeel. Dit sal sekere kommunikasie ook vergemaklik.

Ek is steeds oortuig dat die projek in Gurue sinvol is vir die uitbreiding van die Koninkryk van God. Selfs die uitvoerende beampte by Gurue gemeenskapsradio het gemeld dat mense by hom

gevra het vir die terugkeer van ons programme. Maar ek is ook oortuig dat die programmeerders begeleiding nodig het, en dus die aandag, al is dit deelyds, van 'n westerse sendeling benodig.

#### 9. BEGROTING

Die fondse gebruik vir die her-instel van die projek en die kostes aan die reis, word in 'n ander kommunikasie opgeneem.

### **Nuusbrief 35 - Julie 2014**

Ons moes hierdie jaar besonder lank wag vir die jaarlikse magtiging van die SA Reserwe Bank om fondse na Mosambiek oor te plaas. Dit het meegebring dat die uitsendings eers vanaf 1 Julie weer in aanvang kon neem. Die jongste nuus van Gurue ontvang, is dat die uitsendings daaglik weer plaasvind soos voor die inbraak van einde November 2013 sowat sewe maande gelede.

Verskeie mondelingse en geskrewe boodskappe van blydschap en dankbaarheid is deur die programopstellers ontvang vanaf die plaaslike gemeenskap. Dit het opnuut die waarde van die uitsendings by die Omwiwa Yesu Bestuurskomitee bevestig en is almal daardeur bemoedig en versterk in die geloof.

Die sonpanele wat beskadig is (vermoedelik deur weerlig), is deur ds Anthonie na Suid-Afrika gebring vir herstelwerk wat beteken dat slegs twee sonpanele tans krag voorsien aan die radiotoerusting. Dit sukkel dus om die batterye volgelaai te kry veral op bewolkte dae. Ter wille van die voortsetting van die werk word daar op sulke dae dus slegs met een rekenaar gewerk. Die belangrikste egter, is dat die werk voortgaan.

Nog niemand het in die huis op die werf ingetrek nie wat ons probleem van bestuursleiding en sekuriteit steeds onopgelos maak. Die Welmans beplan egter om die einde van die jaar weer Gurue te besoek om die situasie opnuut te evalueer.

Die programopstellers het gevra vir voorbidding vir wysheid met die vervaardiging van programme en hernude toewyding na die onderbreking van sewe maande. Saam daarmee is die noodsaaklikheid van gebed dat die bediening steeds veel vrug sal lewer wat God mag behaag. Dankie vir julle getroue ondersteuning.

## LAUDIUM Outreach Group (LOG)

### Report 2013 / 2014 compiled by Johan Cronje

As LOG members, we decided to continue putting our available funds to work, rather than cutting on expenditure, and holding on to the money we have received, and that we would rely on the Lord to provide funds as and when the monies are depleted. The Lord did not disappoint, and provided donations to the value of R 14,200.00 during the past year.

An income of R16,443.00 was generated through donations, as well as the income received from 269 Bibles subsidized by LOG, and distributed to the residents of Laudium.

R 703.49 was invested in DVD's, books, and CD's, to expand our library. These items have proved to be very popular amongst the congregation members of Charisma and the people reached during visits by LOG members. We can confidently say that people's lives were changed by this project, and we plan to expand on this venture during the year ahead. (funds permitting)

The management of LOG wishes to thank both Shaun and Chanelle, for the excellent manner in which the Library was managed.

269 Bibles were distributed during the past year, resulting in close to 500 that had been distributed since the start of the project in July 2011. The visiting OM team members also distributed some Bibles in the area, during house to house visits, which took place on two separate occasions during the year.

We tried to collect a R10 donation per bible we distributed, as we felt that the recipient would be more likely to utilize the Bible if a small amount was paid for it, rather than receiving it free of charge. This project continued to be hugely successful.

An amount of R 2,097.90 was spent on the year end dinner during December last year, showing our appreciation towards the 'volunteers' who assisted in reaching out to the people of Laudium during the year.

We participated in the annual Mission Fest event, which took place at the Hatfield Church - Northern Campus. The arrangements were handled by our LOG member Andre Rall, and attended by various LOG members, as well as members of several other organizations.

Please continue to pray for us that the Lord would provide in our need for more 'volunteer missionaries' to labor in His vineyard. Pray also that the Lord would provide the necessary funds to enable us to further the projects which we have embarked on.

## Ds Leon Tait vertel oor SENDING SONDER GRENSE

Ek is steeds besig om op die Sondag wanneer ek nie by Rietfontein-Suid preek nie, by Afrikaanse gemeentes namens SSG te preek, 'n aanbieding oor SSG se werk te doen en borge vir kinders/families te werf. **Groot dank aan almal wat so getrou vir hierdie bedieningswerk bid.**

*Die Here is uiters getrou! Orals waar SSG se werk in gemeentes bekendgemaak word, raak Hy lidmate se harte aan om maar nie net vir hierdie saak te bid nie, maar om ook self kinders te borg.*

**Bly asseblief aanhou bid vir nog geleentheid by gemeentes vir die res van die jaar.**

Indien u deurlopend (so een keer in die loop van 'n week/2 weke) terugvoer wil kry via sms en wil bid vir hierdie saak, kontak/sms my asseblief by 082 601 4235.

**Indien u meer wil weet of wil betrokke raak deur bv 'n kind te borg, of u wil hê dat ek by u omgeegroep of bv 'n groep by u werk meer moet kom vertel en wys van hierdie werk wat Sending Sonder Grense doen, is u meer as welkom om my te kontak.**

***Hier volg 'n bietjie inligting oor van die werk wat SSG doen:***

Wat hier volg is besonderhede oor die Bosy familie, wat maar net een van baie gesinne in Oekraïne is wat baie moeilike omstandighede beleef, en in wie se lewens **Borge via SSG** 'n groot verskil maak.

Die Bosy familie is 'n arm gesin wat in 'n klein dorpie woon. Ten spyte van hulle armoede, was hulle 'n gelukkige gesin. Die kinders het albei ouers gehad en het in 'n atmosfeer van liefde grootgeword. Alles het egter een warm Augustusdag verander.

Een van Sending Sonder Grense se koördineerders, Sergiy Soroka, het die familie aan die einde van Julie 2012 besoek en hulle in die F2F ("Family2Family") - program ingeskryf. Vasyly (37) en Olena (31) is die ouers van vyf kinders, Mariya (11), Roman (10), Nataliya (7), Mykhaylo (5) en Olexandr (1).

Toe Sergiy egter vir Vasyly aan die einde van Augustus te sien kry, was hy hartseer en Sergiy kon sien iets verskriklik moes gebeur het. Vasyly het hom vertel dat sy vrou in Augustus gesterf het. Olena het longontsteking gehad, maar omdat dit somer was wou sy nie na die dokter toe gaan met haar aanhoudende gehoese nie. Daarby was daar niemand by wie hulle hul jongste kind, Olexandr, kon laat bly nie. Toe sy uiteindelik hospitaal toe is, was dit te laat. Die dokters het vir haar lewe geveg, maar daar was niks wat hulle kon doen nie ... Olena het op 'n warm Augustusdag gesterf, en haar man en kinders is alleen agtergelaat!

Vasyly moes nou, saam met sy eie pligte, al die huiswerk doen. Die moeilikste besluit vir hom was om sy jongste seun aan sy suster se sorg oor te laat. Met al die probleme na sy vrou se dood was die versorging van die kleuter vir hom oorweldigend. Vasyly se suster woon in 'n ander dorp en het haar eie familie, maar sy het onmiddellik aangebied om Vasyly te help.



Die gesin se huisopset is baie swak. Dit is 'n klein, drie-vertrek houthuis. Daar is geen gas in die dorp nie en die mense hou hul huise warm deur hout te brand, want dit is die goedkoopste verwarmingsmateriaal in die streek. Ten spyte van die manier waarop die huis aan die buitekant lyk, is dit baie netjies binne. Daar is nie veel meubels binne nie, net vier beddens, 'n klerekas en twee tafels. Die kinders probeer egter om die huis knus te maak. Die meisies probeer altyd om die huis skoon te hou.

As die oudste seun is Roman verantwoordelik vir hitte in die huis. Dit behels dat hy deurentyd hout moet gaan haal. Die kos word gewoonlik deur Vasyl gekook. Dit was nogal moeilik vir hom om te leer hoe om lekker kos vir sy kinders voor te berei.

Ten spyte van alles, is Vasyl gelukkig, want hy weet dat hy nie alleen met sy hartseer en probleme is nie. Hy weet dat daar, in sowel Oekraïne as in die buiteland, mense is wat vir hom en sy gesin omgee. Vasyl is baie dankbaar vir al die hulp wat hy ontvang van **Sending Sonder Grense**, moontlik gemaak deur Borge – ook vanaf Suid-Afrika.

### Navrae aangaande sendelinge

Indien u enige navrae het oor die Sendelinge wat deur u en ons Gemeente ondersteun word, kontak die volgende persone wat met spesifieke sendelinge kontak behou:

Ds Corné du Plooy Sending Sonder Grense Koerde	Ds Leon Tait 012-333 2470
Ds Hannes Peens (Limpopo)	Stanwin Street 079 525 5695 Carl de Beer 083 443 9256
Mosambiek radiostasie	Japie en Ena le Grange 012-331 3953
Gebedsketting Laudium	Alet Briers 012-331 1311
Alta Glas	Koenie Goosen 084 652 8773 012 333 5325

Sendinggroete in Christus

#### Taakspan vir Sending

NG Gemeente Rietfontein-Suid, 16e Laan 615

Tel. 012-331 3531 (Kerkkantoor)

As gevolg van hoë posgeld stuur ons nie meer kwitansies, van inbetalings by sending, outomaties uit nie. Indien u 'n kwitansie van u inbetaling verlang los 'n boodskap by die kerk kantoor of sms 0834439256, en ons stuur vir u 'n kwitansie.  
By voorbaat dank, Sending taakspan